# PROBLEME UIT DIE SILLABUS

*Die redaksie beplan om in hierdie rubriek gereeld een of ander inhoudelike probleem uit die sillabusse te bespreek. Onderwysers en leerlinge word genooi om enige probleem met 'n bepaalde aspek van die* ***inhoud*** *van die sillabusse, vir bespreking voor te stel. Enige wenke, kritiek of selfs eie bydraes deur onderwysers sowel as leerlinge, is welkom. Rig u skrywe aan: Die Redakteur, Dr Martin Trümpelmann, Fakulteit Opvoedkunde, RAU, Posbus 524, Johannesburg, 2000. Ons eerste bydrae handel oor die tema nasionalisme en is geskryf deur prof PH Kapp van die RAU.*

*Hoewel daar seker met goeie reg na die lees van hierdie artikel aangevoer kan word dat prof Kåpp hom nie by 'n spesifieke sillabus hou nie, moet onthou word dat die sillabus allermins bedoel is as 'n wet van Mede en Perse. Trouens, die* ***goeie*** *onderwyser sal juis bo die sillabus uitstyg.*

Die beeld wat leerlinge van die vak Geskiedenis het as 'n eindelose klomp feite wat gememoriseer moet word, is 'n ongelukkige een. Toegewyde en toegeruste geskiedenisonderwysers het 'n opdraande stryd om hierdie skewe beeld reg te stel. Feitekennis en feiteversameling is in alle wetenskapsbeoefening 'n basiese en noodsaaklike funksie met 'n duidelike doel nl. om op grond van daardie feite **tot sekere veralgemenings en abstraksies te kom**. Wat oënskynlik vir die oningewyde 'n losstaande reeks feite en gebeure is, is vir die ware historikus bome in die bos, dele van 'n ingewikkelde legkaart. Dit is die taak van die onderwyser om die leerlinge van die bome in die bos, die brokkies en die geheelprent van die legkaart bewus te maak. Daarom moet Geskiedenisleerlinge, veral in die senior fase, stelselmatig tot hoër trappe van veralgemening en abstraksie gelei word. Daarmee kom hulle by die wesenlike van die vak uit. Hiermee word die belangrikheid van die partikuliere, die unieke of die eenmalige in die Geskiedenis nie ontken nie. Maar die onderwyser wat by die eenmalige bly vassteek, doen sy leerlinge, die opvoedkundige vormingswaarde van sy vak en die vak self, onberekenbare skade aan. Hy is 'n antikwariër wat feite ter wille van die feite versamel. Nòg hy nòg sy leerlinge sal kan uitstyg tot 'n groter begrip van en insig in die ontsaglike geestes- en kulturele rykdom wat in die Geskiedenis opgesluit lê.

Die tema nasionalisme as historiese verskynsel bied 'n besondere geleentheid om die uitstyg bo die feitlike, die prent in die legkaart of die prag van die bos as geheel, te illustreer. Dit is 'n hoë graad van abstraksie wat in dié tema verskuil lê en wat daarom groot uitdagings en hoë eise aan onderwyser en leerlinge stel. Maar wanneer jy die berg uiteindelik bestyg het, loon die vergesigte wat jou gebied word, al die moeite.

Die Geskiedenisonderwyser kan só 'n onderwerp nie met klinkklare formules behandel nie. Hy kan nie, soos in die Wiskunde en in Chemie nie definisies en formules gee wat die leerlinge moet gaan toepas nie. Hy moet 'n insig en 'n begrip, 'n intellektuele en geestesgevoeligheid by sy leerlinge kweek omdat 'n verskynsel soos nasionalisme 'n verskeidenheid openbaringsvorme in die Geskiedenis het. Die leerlinge leer hoedat Napoleon nasionalisme in Europa "wakker" gemaak het en hoedat die unifikasies van Duitsland en Italië die mooiste voorbeelde van die triomf van nasionalisme in Europa is. Op grond hiervan word hulle tereg tot die veralgemening gelei dat dit in nasionalisme om eenheid van taal, geestesbesit en uiteindelik grondgebied gaan. Wanneer hy egter by die twintigste eeuse Afrika-geskiedenis kom, leer hy van Afrika nasionalisme, swart nasionalisme en pan-nasionalismes waar dit juis nie om dieselfde taal- en geestesbesit gaan nie. Hoe moet hy dus nou die saak beskou?

Om dit te beantwoord moet 'n mens dieper en wyer in die Geskiedenis kyk. Dit is belangrik dat leerlinge moet besef dat nasionalisme in die eerste plek aan die Westerse beskawing gekoppel word. Dit is 'n geestesproduk van daardie beskawing en het daarvandaan na ander kringe en wêrelddele uitgevloei. Hierdie uitgangspunt bied vir die onderwyser 'n besondere geleentheid om die leerlinge van die groter geheel – die Westerse beskawingsgeskiedenis – bewus te maak. Dit bied hom 'n geleentheid om 'n groot aantal losstaande gebeurtenisse in 'n groter eenheid bymekaar te trek en om deur vergelykings kontraste en ooreenkomste uit te wys wat die ryke verskeidenheid van die Geskiedenis vir die leerlinge meer verstaanbaar en bevatlik maak. Terselfdertyd bring dit die aktualiteit en die hede-betrokkenheid van die Geskiedenis by die leerlinge tuis en bied dit vir die onderwyser die geleentheid om aan die leerlinge te toon hoe hulle leefwêreld by die geskiedenis betrokke is en andersom. Hy kan ook aantoon hoe ander belangrike verskynsels soos sosialisme, Marxisme, kommunisme en universialisme ("globalism") in die tyd as o.a. 'n reaksie op nasionalisme ontwikkel het. Internasionalisme, daarenteen, ontwikkel in die twintigste eeu nie as 'n teenvoeter of opponerende verskynsel nie, maar as 'n aanvullende verskynsel wat die interafhanklikheid van nasionalismes beklemtoon.

Wanneer die leerlinge eers van die belangrikheid van die onderwerp bewus gemaak is, kan die onderwyser op die mikro en die makro-aspekte verder uitbou. Só byvoorbeeld kan hy die leerlinge op grond van hulle reeds verworwe kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, konfronteer met een belangrike mirkoaspek: hoe kom dit dat daar in Suid-Afrika uit 'n Europese handelsonderneming uiteindelik 'n Afrikanernasionalisme gebore word? Of die vraag hoe dat juis in Italië, die bakermat van die Rooms-Katolieke Kerk wat die teenoorgestelde van nasionalisme verteenwoordig, 'n sterk nasionalisme opgebloei het?

Hierdie artikel konsentreer op die makro-aspek. Wat is die gemene deler wat nasionalisme in sy verskeidenheid openbaringsvorme ten grondslag lê? Die ontwikkeling en uitlewing van 'n identiteitsbewussyn is die sleutelelement tot die verstaan van nasionalisme as 'n historiese verskynsel. Vir Bismarckiaanse Duitsland was so 'n bewuswording geleë in die taal, die gemeenskaplike afkoms, tradisie en geestesbesit wat uiteindelik lei tot 'n strewe, 'n gemeenskaplike geopolitiese besit – 'n eenheidstaat. Innerlike identiteit is dus hier ter sprake. In swart Afrika andersyds na die Tweede Wêreldoorlog, is dit 'n strewe na 'n eenheidsgevoel op grond van kleur en 'n gemeenskaplike kolonialistiese verlede wat nasionalisme ontketen. Dít verteenwoordig 'n meer uiterlike identiteit. In die Arabiese wêreld weer, ontwikkel 'n Arabiese nasionalisme gebaseer op 'n gemeenskaplike godsdiens en daaruit voortvloeiende 'n Islamitiese beskawing. Dit is dus 'n geestelike nasionalisme.

'n Volgende stap sal dan wees om die leerlinge se aandag te vestig op die feit dat 'n identiteitsbewussyn nie altyd in die Westerse beskawing sterk aanwesig was nie. In die Middeleeue bv. onder die invloed van die Rooms-Katolieke Kerk met sy universele beskouing en sy amptelike taal Latyn, het die Europese mens weinig begrip van 'n eie identiteit gehad. Dit is eers tussen die 12e en 15e eeue dat 'n bewuswording van die moedertaal, die gemeenskaplike besit van sekere kenmerke en lewenstyl tot 'n nuwe benadering lei. Nuwe handelsaktiwiteite, nuwe stede, die stigting van universiteite, die boekdrukkuns die Renaissance en ander faktore dra daartoe by om mense van 'n groepsidentiteit bewus te maak. Die totstandkoming van nasionale state in Frankryk, Brittanje, Spanje en Nederland verteenwoordig in die ontplooiing van nasionalisme 'n belangrike ontwikkelingsfase. Die vorstehuis is op hierdie tydstip die oorheersende uitdrukking van 'n nuwe identiteitsbewussyn.

In die 19de eeu kom nasionalisme tot sy kragtige opbloei in Europa. Die Franse Revolusie met sy vryheidsideaal lewer hiertoe 'n belangrike bydrae, terwyl Napoleon met sy reorganisasie van Europa mense bewus maak van die moontlikhede wat opgesluit lê in die skepping van volkstate. By Duitsers, Italianers, Pole en Grieke is die saadjies geplant wat deur die loop van die 19de eeu sterk sou ontkiem.

Die skouspelagtige en die dramatiese elemente van die Duitse en die Italiaanse unifikasies as weerspieëling van die nuwe krag van nasionalisme in Europa, oorskadu dikwels ewe belangrike gebeure in ander lande. Victoriaanse en Edwardiaanse Brittanje is op sy beurt 'n mooi illustrasie van 'n kragtige maar minder dramatiese nasionalisme. Die totstandbrenging van die Britse Ryk, die ywer en erns waarmee soldaat en handelaar, sendeling en amptenaar geglo het in Brittanje se geroepenheid om die wonder van sy beskawing oor die wêreld uit te dra, was die uiting van 'n sterk nasionalisme.

In tsaristiese Rusland kom nasionalisme tot uitdrukking in 'n dringende begeerte tot die versterking van die eie identiteit deur ontwikkeling en vooruitgang volgens Westerse model. 'n Kragtige ongeduld met die remmende invloed van die tsarisme skep in dié land 'n buitengewone klimaat. In dieselfde tydperk ontwaak die Slawiese volke in die Balkan tot 'n driftige begeerte om die knellende invloed van die Turke en die Huis van Habsburg op hulle, omver te werp. In die suidpunt van Afrika kom sluimerende Afrikanernasionalisme vir die eerste keer kragtig na vore: die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875, die Afrikanerbond in 1879 en die Eerste Vryheidsoorlog en sy nawerkinge.

Laat die leerlinge op hierdie stadium besin oor die positiewe waardes van nasionalisme. Watter suksesse het nasionalisme op hierdie stadium behaal? Was dit 'n positiewe bydrae tot gesonde ontwikkeling? Dit is goed om dit op hierdie stadium te doen, want die Eerste Wêreldoorlog is die geleentheid om die negatiewe en gevaarlike aspekte van nasionalisme onder die vergrootglas te neem. Wilson en die Volkebond se strewe om die angels uit nasionalisme te haal, bied die geleentheid om die betekenis van die tussenoorlogse jare vir nasionalisme in perspektief te stel.

Die reaksie teen nasionalisme dateer ook uit die neëntiende eeu. Teenoor die vryheids- en identiteitsideaal word 'n ander ideaal gestel nl. die ideaal van ekonomiese gelykheid. Die mens se geestesidentiteit — sê hierdie standpunt — is 'n toevallige fiksie wat nie die basis vir samelewingsordening kan vorm nie. Die mens se posisie in die ekonomiese proses is al wat werklik van wesenlike belang is. Die produksiewyse is die allesbepalende faktor en die hele samelewing moet daarvolgens ingerig word. Die werk wat jy doen, die vergoeding wat jy ontvang, hoe jy in staat is om te lewe, die klas waartoe jy behoort, is veel belangriker as jou identiteit op grond van taal, kultuur, afkoms en gebied. Die sosialisme, die Marxisme en die kommunisme het in wisselende grade die uitgangspunt van die nasionalisme verwerp en daarmee nuwe magsfaktore geskep wat op mense se lojaliteit aanspraak gemaak het. Die Russiese Revolusie, die USSR en die groei en opkoms van sosialistiese en kommunistiese partye in die twintigste eeu, bring mee dat die reaksie teen nasionalisme in Europa sterk word. Na die Tweede Wêreldoorlog is dit die universalisme wat in die Westerse wêreld na vore tree: die strewe om die wêreld te verenig tot een groot wêreldstaat. Die eenheidstrewe in Europa met die stigting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap is die begin van só 'n proses. Daarmee stel die Geskiedenis die vraag aan die orde: gaan hierdie proses slaag, of gaan daar 'n terugkeer na nasionalisme, of dalk iets anders, wees? Die onderwyser het daarmee vir sy leerlinge die aktualiteit van die tema tuisgebring. Dit sou 'n baie goeie prikkeling wees om die leerlinge dié spekulatiewe vraag te laat debatteer. Dit beteken nie dat die onderwyser heiligskennis pleeg nie. Dit is nie verraad vir 'n historikus om ook oor die toekoms te peins nie.

Nader tuis kan die onderwyser ook die aandag op swart- en Afrika nasionalisme vestig. Hoe verskil dit van die Europese variasie? Hoe word in Afrika probeer om nasionalisme en sosialisme te versoen? Laat die leerlinge ook met groot verantwoordelikheid en intellektuele inspanning en verdieping gesprek voer oor die vraag watter van die nasionalismes die meer standhoudende is.

Ten slotte kan dit ook vir die knapper leerlinge groot intellektuele bevrediging verskaf om die verskille tussen 'n militante, en dus basies gevaarlik nasionalisme, en 'n gematigde of liberale nasionalisme te ontleed. Laat hulle dit doen aan die hand van Van Wyk Louw se **Die Dieper Reg** en **Liberale Nasionalisme**. Dit het die addisionele winspunt dat dit op 'n praktiese wyse aan hulle illustreer hoe Geskiedenis ook deur letterkundiges benut en bestudeer word.

Aan die einde van so 'n stuk werk in die Geskiedenisklaskamer behoort geen leerling meer aan die waarde, aktualiteit en intellektuele bevrediging van die vak te twyfel nie.

---

**Enkele nuttige bronne:**


1. Kohn, H 1965: Nationalism — its meaning and history. Princeton: D van Nostrand. Ook 'n kort artikel van dieselfde skrywer in Oakeshott, M, e.a. 1978: Ideologies of Politics. Cape Town: Oxford Univ. Press, pp. 148-160 is verhelderend.

2. 'n Meer omvangryke maar goeie boek is: Schafer, BC 1972: Fases of Nationalism. New York: Harcourt, Brace, Jovanovich.

3. In Afrikaans is DJ Kotzé se triologie oor Nasionalisme bekend en bruikbaar, hoewel dit ietwat "tegnies" is.